NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN – MAART 2018

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur | 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings: Letterkunde (Drama en Prosa) en Transaksionele skryfwerk.

3. Beantwoord VIER vrae: TWEE uit Afdeling A (Letterkunde) en TWEE uit Afdeling B (Transaksionele skryfwerk).

4. Daar is EEN VERPLIGTE vraag oor die dramas en TWEE vrae oor die prosawerke. Beantwoord die VERPLIGTE VRAAG oor die drama van jou keuse (in ongeveer 400 woorde) en EEN vraag oor die prosawerk van jou keuse (in ongeveer 600 woorde).

5. In Afdeling B is Vraag 7 verpligtend. Doen dan óf Vraag 8 óf Vraag 9. Al die vrae moet in ongeveer 250 woorde beantwoord word.

6. Lees die inligting, instruksies en opdragte by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.

7. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genommer wees.

8. Begin elkeen van die vier vrae **boaan 'n nuwe bladsy** in jou antwoordboek.

9. Let noukeurig op die puntetoekenning van die verskillende vrae.

10. Netheid, leesbaarheid en versorgde taal sal in jou guns tel.

IEB Copyright © 2018

AFDELING A LETTERKUNDE

DRAMA

Daar word in hierdie afdeling **EEN VRAAG** oor elk van die twee voorgeskrewe dramatekste gestel. Na aanleiding van die drama wat jy bestudeer het, moet jy Vraag 1 (oor ***Die Keiser***) of Vraag 2 (oor ***Kanna hy kô hystoe***) beantwoord.

Jou mini-essay moet **betogend** van aard wees. Ondersteun jou stellings deurgaans met **verwysings** na of **aanhalings** uit die teks. Bring die **woordtal (ongeveer 400 woorde)** onder jou essay aan.

'n **Nasienrubriek** sal vir die assessering van jou essay gebruik word.

VRAAG 1 *DIE KEISER* (Bartho Smit)

Regdeur die drama is **Diplomaat** 'n kabinetslid wat die hof se **waardes bevraagteken**. Dit, asook die feit dat hy aan gesprekvoering in die kabinet moet meedoen, wys op sy belangrike rol in die **aanvang**, die **ontwikkeling** asook die **slot** van die drama.

Betoog in 'n mini-essay van ongeveer 400 woorde of **Diplomaat** wel 'n **belangrike rol** tot aan die einde van die drama speel, of dat hy slegs 'n **instrument** is in die poging om **Keiser te onttroon**.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy jou mini-essay aanpak.

[30]

OF

VRAAG 2 *KANNA HY KÔ HYSTOE* (Adam Small)

KANNA: Ek het julle liefgehad ...
[Kanna, nog af van die verhoog; hy praat met die stemme.]

KANNA: Jy moet geprobeer het om te verstaan, Makiet.
[Stilte.]
Ek het skoolgegaan ...

KANNA: ... Kanna het julle lief ...

[Small, Adam. 1980. *Kanna hy kô hystoe.* Tafelberg. Kaapstad, bladsye 61 en 62)

Betoog in 'n mini-essay van ongeveer 400 woorde of hierdie uitsprake van Kanna in sy **optrede ondersteun** word en of die **teendeel** juis in sy optrede bewys word.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy jou mini-essay aanpak.

[30]

IEB Copyright © 2018

PROSA

Daar word in hierdie afdeling telkens TWEE vrae oor twee verskillende prosatekste gevra. Na aanleiding van die roman wat jy bestudeer het, moet jy Vraag 3 OF Vraag 4 (oor ***Toorberg***) of Vraag 5 OF Vraag 6 (oor ***Frats***) beantwoord.

Jou literêre opstel moet **beredenerend** van aard wees. Ondersteun jou stellings deurgaans met **verwysings** na of **aanhalings** uit die teks. Bring die **woordtal** (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.

'n **Nasienrubriek** sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

Beantwoord Vraag 3 OF Vraag 4 wat oor die roman ***Toorberg*** gestel is.

VRAAG 3 ***TOORBERG*** (Etienne van Heerden)

Verskillende fokalisators (**lewend of dood**) beskryf die boorgatsituasie soos hulle dit ervaar/gesien het.

Beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde of die **belangrikste getuies** op Toorberg (fokalisators) wat insae het in die saak wat die magistraat op Toorberg kom ondersoek, **bydra** tot die afhandeling daarvan.

Jou slot moet duidelik **bewys van die sukses**, al dan nie, wat die sluiting van die saak weerspieël, aandui.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy jou literêre opstel aanpak.

[30]

OF

VRAAG 4 ***TOORBERG*** (Etienne van Heerden)

Die belangrikste motiewe in die roman, *Toorberg,* is die sake wat die skrywer deurlopend in sy verhaal gebruik om die tema te belig en die verhaalgebeure te bind, en om die skuldige wat verantwoordelik is vir Druppeltjie du Pisani se dood, op te spoor.

Beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde hoe die **skuldmotief** uiteindelik daartoe lei dat die vraag "**Wie is die skuldige?**" maar net 'n **retoriese vraag** word en hoe die **watermotief** (die droogte wat die boor na water noodsaak) die **skuld van almal** op Toorberg beklemtoon.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy die literêre opstel aanpak.

[30]

IEB Copyright © 2018

OF

Beantwoord Vraag 5 OF Vraag 6 wat oor die roman ***Frats*** gestel is.

VRAAG 5 ***FRATS*** (Chris Karsten)

Die belangrikste **motiewe** (die onderwerpe wat die skrywer deurlopend in sy verhaal gebruik om die tema te belig en die verhaalgebeure te bind) in hierdie roman ondersteun **Khoena se vreemdelingskap** op 'n onbekende kontinent sodat haar **hunkering na tuiskoms slegs 'n droom** bly.

Beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde hoe die motiewe **slawerny**, **ballingskap** en die **misbruik van mag** vir Khoena van haar **menswaardigheid** sowel as 'n **terugkeer na die kloof** ontneem het.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy die literêre opstel aanpak.

[30]

OF

VRAAG 6 ***FRATS*** (Chris Karsten)

Khoena word as kind **gevange** geneem deur 'n Boere-strafekspedisie wat 'n Khoi-groep in 'n afgesonderde kloof uitmekaarskiet en daarna met 'n groep Khoi-kinders en hul gesteelde vee **uit die kloof verdwyn**. Khoena se enigste **einddoel** tydens haar ganse **vreemdelingskap** daarna – in die Kaap, in Engeland en Frankryk – is om na die kloof **terug te keer**.

Beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde hoe die **kloof die "vryheid"** word wat haar eenvoudig bly **ontwyk** deurdat vele rolspelers **slawerny**, in verskillende vorme, deel van haar bestaan maak.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy die literêre opstel aanpak.

[30]

60 punte

IEB Copyright © 2018

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

In hierdie afdeling word DRIE opdragte gegee. **Vraag 7** is **VERPLIGTEND**. Doen dan **óf Vraag 8 óf Vraag 9**. Elke skryfstuk moet **ongeveer 250 woorde** bevat.

Maak seker dat jy die gepaste **register en taal**, soos gevra, gebruik. Die **formaat**, **teikenleser en toon** moet by elke skryfstuk pas.

'n Nasienrubriek sal vir die assessering van jou skryfwerk gebruik word.

Die volgende verwerkte artikel uit *Rapport* (5 Februarie 2017) kan as prikkel vir jou skryfstukke dien.

GIFPYLE

Is jy die teiken van geniepsige maats of kollegas? Kry insig in hul optrede en hanteer die venynige vroue op die regte manier.

Deur ANYS ROSSOUW

Daar is dikwels 'n donker en komplekse kant aan vrou-tot-vrou-verhoudings, al ervaar vroue soveel vreugde, begrip, ondersteuning en omgee in hul vriendskap met ander vroue. Elke meisie of vrou raak iewers die teiken van 'n giftige maat, kollega, skoonsuster of skoonma se skinderpraatjies of bytende grappies.

Dis vir baie vroue moeilik om hulself te beskerm en reg op te tree sonder om ook die giftige skinderspeletjie te speel. Dikwels dink mense hul verdedigende, humoristiese of sarkastiese reaksie om ander op hul plek te sit, is geregverdig en onskuldig, en besef nie dat hulle eintlik deel van die probleem is nie.

BY DIE SKOOL ...

Sanri*, 'n pragtige en talentvolle dogter, vertel hoe sy onder die venynige isolasie van haar vriende deurgeloop het. Sy het provinsiale kleure in hokkie gekry, maar 'n ander talentvolle speler in hulle groepie, Monique, het nie die span gehaal nie.

'n Moeilike tyd het gevolg. Monique het telkens vir haar geskree om nie so selfsugtig te speel nie, en sy het gedurig op Sanri se foute gewys en talle foute ook versin. Toe het Monique Sanri se beste maat begin afrokkel en saamgenooi op vakansies. Die res van die groep is ook gereeld genooi, maar nie Sanri nie. Daarna is stories versprei dat Sanri 'n slet is, want sy was gewilder onder die seuns as Monique. Daar is ook onvleiende foto's van haar op *Facebook* geplaas. Monique se optrede voor ander kinders was baie vriendelik.

Giftige kinders soek mag en aanvaarding, 'n gevoel om te behoort en is dikwels deel van klieks. Hul mag lê in hul kliek en gehoor, of in die lojaliteit en naby verhoudings met mense met mag. Deur rugstekery, skinderpraatjies, uitsluiting en vernedering van ander wat hulle moontlik bedreig, probeer hulle hul magsposisie in die kliek behou. Ongelukkig veroorsaak hulle geweldige emosionele pyn en stres vir hul slagoffers.

*Denkbeeldige naam

IEB Copyright © 2018

VRAAG 7 FORMELE BRIEF (VERPLIGTE VRAAG)

As matrikulant lees jy hierdie artikel en besluit om aan die skoolhoof van jou skool 'n formele brief te skryf om hom in te lig oor die leerders se betrokkenheid by sosiale media tydens skoolure.

Gee die volgende in jou **formele brief** weer: selfoongebruik waarin boodskappe aan vriende, Facebook- en sosiale netwerkgebruike hoogty vier. Gee ook oplossings sodat hierdie gebruike nie in skoolure plaasvind nie.

Jou formele brief moet uit ongeveer 250 woorde bestaan.

[20]

EN

DOEN NOU VRAAG 8 OF VRAAG 9

VRAAG 8 ARGUMENTBEWOORDING

Die genoemde artikel is in 'n Lewensoriënteringklas gelees en 'n klasdebat is gevoer. Die meisies is ontsteld omdat dié artikel aan meisies 'n negatiewe konnotasie verleen. Die onderwyser moet die saak beredder en daarop wys dat almal weet dat afknouery (boeliegedrag) oral voorkom en 'n al groter rol in ons samelewing speel.

As klastaak moet elke leerder 'n **argumentbewoording** waarin twee klasmaats hulle argument oor watter tipe afknouery die grootste skade in die skoolomgewing aanrig, skryf.

Die volgende argumente moet aandag in die argumentbewoording geniet: die verskil tussen die verskillende geslagte se afknouery; hoe afknouery tot 'n minimum in 'n skoolomgewing met 'n goeie dissipline-stelsel verminder word en die rede hoekom afknouery as sosiale probleem al groter word.

Jou argumentbewoording moet uit ongeveer 250 woorde bestaan.

[20]

OF

VRAAG 9 OOGGETUIEVERSLAG

Twee van jou klasmaats het mekaar (na vele skinderstories oor mekaar) gedurende die pouse voor jou en ander vriende begin aftakel en slegsê.

Die leerlinge is na die Hoof van Dissipline ontbied en jy moet nou 'n **ooggetuie-verslag** oor die voorval skryf.

Gee jou ooggetuieverslag weer. Die verslag moet uit ongeveer 250 woorde bestaan.

[20]

40 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2018